

# **Referaat gelewer tydens die 7de Volkskonsilie van die Gelooftevolk van Suid Afrika, 19-21 April 2019 te Orania.**

Deur Johan Cloete

Gees- en volksgenote:

As ons kyk na die geskiedenis, van die verdrukking van Israel en die trek uit Egipte, is daar baie raakpunte met die van ons in Suid-Afrika.

Israel word in Egipte in ballingskap gehou - ons is in ons eie land in ballingskap - die hand van ons owerhede lê baie swaar op ons; dit is soos hake aan ons vlees en dorings in ons oë - ons is slawe van goddelose heersers.

Soos in die geval van Israel gebruik God allerhande maniere om Sy wil en Sy heerskappy duidelik te maak. Hy gebruik die onderdrukking (slawerny) van Sy volk, plaë wat mens en dier doodmaak. Hy gebruik mense soos Moses en Aäron. Hy gebruik selfs die harde hart van Farao. Daar is geen beperkings aan God se wil nie, want Hy is God. God sê: Ek wil My verheerlik aan Farao en sy hele leermag. Hy roep Moses, gee die 10 plaë – plaë om Farao te wys Hy is God. Dit is God wat die pasga gee – Hy bepaal ook die datum en tyd vir die trek.

Dit is duidelik uit hierdie geskiedenis om eerder 'n skaap van God te wees as Sy teenstander. Van ons wat veeboere is weet dat 'n skaap 'n herder nodig het, maar ons het in ons sonde begin dink dat ons nie 'n herder nodig het nie – selfs erger, ons het begin dink dat ons die herder is en God moet ons volg. Ons begin die tekens daarvan in ons eie land sien; dit moet ons tot kommer streek. Ken ons nog die stem van ons Herder of loop ons maklik agter vreemde herders aan? Wat my opval in vers 52(b) het Hy hulle gelei soos 'n kudde. 'n Trop skaap(vee) kan uit verskillende skaaprasse bestaan, maar 'n kudde is 'n trop skaap wat uit eiesoortige eienskappe bestaan. Die herder (boer) selekteer vir verskeie eienskappe binne sy kudde en hulle is maklik herkenbaar tussen ander skaap.

God se volgelinge, die wat Sy naam bely, behoort aan daardie geestelike kudde. Jer. 31:34. “En hulle sal nie meer elkeen sy naaste en elkeen sy broer leer nie en sê: Ken die Here, want hulle sal My almal ken, klein en groot onder hulle, spreek die Here; want Ek sal hulle ongeregtheid vergewe en aan hulle sonde nie meer dink nie.” Vers 52 in geheel wys dat God Sy volk roep en hulle volg - laat dit ook van ons waar wees!

Tot nou toe was dit Moses en Aäron wat die volk moes roep en sou uitlei, maar nou neem God self oor. Die volgorde van gebeure is belangrik. God red eers die volk uit slawerny en dan gee Hy Sy wet. God gee nie eers die wet en sê dan dat hulle die wet moet nakom om verlos te word nie. Die wet is dus 'n manier om dankbaarheid te wys dat ons God se skape mag wees; en dit is 'n manier om na Sy stem te luister en om Hom te volg. Om nie die wet te onderhou nie is om God as Herder te verwerp en 'n ander herders te volg, bv. groot rykdom, aansien, dobbelary, ens.

Hierdie Psalm is geskryf om weer die volk te wys op die lesse uit die geskiedenis, want hulle(ons) het dit nie onderhou nie en teen hulle(ons) Herder in opstand gekom, daarom het die geskiedenis nie altyd verloop soos wat mens sou verwag het met die skape van die Almagtige God nie. As ons terugkyk op ons eie verlede dan sien ons dit baie duidelik! God gee aan ons 'n land wat oorloop van melk en heuning. 'n Pragtige land, 'n kuslyn tot waar die twee oseane ontmoet, grondstowwe waarop ander volke jaloers is. God plaas ons in die beste land in die wêreld. Ons as volk is egter só trots op ons land dat ons God tweede plaas – ons vir jou Suid-Afrika – in plaas van aan God al die eer!! Ons is bereid om die wapen op te neem vir ons land! Is ons bereid om dieselfde te doen vir ons God? God neem hierdie land van ons weg en plaas ons in ballingskap in ons eie land! Niks gebeur sonder die toelate wil van God nie: en net God kan ons uitred uit hierdie barbaarse toestand. Ons bid elke dag daarvoor.

Gelukkig vir ons het die geskiedenis nie daar gestop nie. Ons het 'n verdere geskiedenis ná die Psalm geskryf is. Ons moet ook daardie geskiedenis in ag neem as ons na die teks kyk in konteks, want ons het nie weer 'n wolk en vuurkolom nie, nie meer 'n Moses en 'n Dawid nie. Ons het nie meer 'n pasga nie en offer nie meer in die tabernakel nie. God se openbaring het gelukkig nie by Egipte en deur die woestyn gebly nie – God het homself in Jesus Christus kom openbaar.

Die wolk en vuurkolom is nou nie meer “God met ons nie”, Jesus Christus word “God met ons” – Immanuël. Jesus word ons wolk en vuurkolom. Ons het nie meer profete, priesters en konings nie – Jesus Christus word ons lewende Koning, Priester en Profeet. Ons het die volkome en volmaakte openbaring van God ontvang soos reeds in Genesis 49:10 geskryf is. “Die septer sal van Juda nie wyk nie, nog die veldheerstaf tussen sy voete uit totdat Silo kom; en aan Hom sal die volke gehoorsaam wees.” ( Num.24:17 en Est 4:11, 5:2 en 8:4; Ps 45:7; 110:2; 125:3, ens.)

Ons het ook nie meer pasga nie, want ons Volmaakte Lam is die Lam van God wat vir ons op paasfees geslag is en die bloed wat aan die hout van die kruis vir ons gesmeer is, sodat ons nie meer hoef dood te gaan nie, maar Hom soos Sy kudde kan volg uit ons band van slawerny en sonde.

Die geskiedenis stop ook nie by die kruis nie. Jesus Christus het opgestaan, opgevaar na die hemel en ons ontvang die gawe van die Heilige Gees; en nou is die Heilige Gees “God met ons”, ons Immanuël. Ons staan onder 'n nuwe verbond, want as die eerste een onberispelik was, sou daar nie plek vir 'n tweede gesoek word nie. Heb.8:7 - 13 As Hy sê 'n nuwe verbond, het Hy die eerste oud gemaak; en wat oud word en verouder, is naby die verdwyning. Sodat die septer van gesag oorgaan na Jesus Christus en die Heilige Gees.

Ons mag nie die geskiedenis vergeet nie, ook nie die van ons volk en al die weldade wat God aan ons bewys het nie.

## **GEBED:**

Ons roep U aan, o Here! Ons rots. Draai nie stilswyend van ons af weg nie, sodat ons nie, as U teenoor ons bly swyg, word soos die wat in die kuil neerdaal nie.

Hoor die stem van ons smekinge as ons U aanroep om hulp, as ons ons hande ophef na die binneste van U Heiligdom! Ruk ons nie weg saam met die goddeloses, wat vrede spreek maar daar is kwaad in hul hart, nie. Vergelde hul na hul dade.

Omdat hulle nie let op die dade van die Here of op die werke van Sy hande nie, sal Hy hulle afbreek.

Dankie dat U die stem van ons smekinge hoor. U is ons sterkte en ons hulp, op U vertrou ons.

Vader verlos U volk en wees vir ons 'n herder en dra ons tot in ewigheid. Verlos ons van die goddelose wie se hande swaar op ons lê, hulle pynig ons, is soos dorings in ons oë. Verlos ons soos U U volk bevry het van die hand van Farao.

Seën hierdie dag op elke plek waar U aangeroop word tot verheerliking van U grote Naam.

Met danksegging.

Amen.